### *Hinderpale vir die vervulling van die beloftes*

**243** **Rafael** sê: "Aan my kom nog dank nog eer toe, maar alles aan die Meester!

[2] Dit is egter goed dat julle dit met die regte lewenserns verstaan het! Die middel sal julle altyd vir elkeen kan uitreik wat kom en sê: 'Vriend, ek het wel alles tot nou toe gedoen, en glo wat jy my geleer het, maar van die beloofde uitwerking het daar tot op hede nog geen enkele ding gebeur nie! Wat moet ek dan nog meer doen? Ek het die goeie, ou leer van my vadere verlaat waarin ek heel dikwels alle troos, die beste raad en die nodige hulp in allerlei nood gevind het, en hierdie nuwe leer laat my saam met my buurman in die koue staan. Geen versoek word ook maar verhoor nie en geen duistere twyfel word verlig nie! Waar is die glansryke Elohim van jou, namens wie jy vir ons alle voorregte en ander wonderbaarlike dinge beloof het?!'

[3] Julle sal hom dan eenvoudig so kan antwoord: 'Vriend, dit lê nie by die leer nie, maar by jou onbegrip! Jy het die leer wel met jou verstand opgeneem en ook probeer jy jouself streng daarby te hou en toe wag jy op die goedgunstige vervulling van die belofte. Jy doen egter maar net goed volgens die leer vanweë die belofte, waaruit jy voordeel verwag, en nie terwille van die goeie nie! Jy was slegs met jou verstand besig, maar nog nooit met jou hart nie! Sy het hard en koud gebly net soos vóór die ontvang van die suiwer goddelike leer. Daarom ontvang jy nóg deur die daad, nóg deur die dooie en blinde geloof die vervulling van die beloftes wat aan jou belowe was!

[4] **Skud jou hart nou wakker! Doen alles wat jy doen vanuit die ware lewensgrond! Het Elohim bo alles lief terwille van Homself en so ook jou naaste!**

[5] Doen uit lewensoortuiging die goeie terwille van die goeie en laat jou geloof of wat jy doen geen aanleiding wees om te vra of die vervulling van die belofte nou wel sal kom of nie! **Want die vervulling is `n gevolg van dit wat jy lewend in jou hart glo en voel, en uit vurige liefdesdrang doen**. Maar soos wat jy tot op hede geglo en gedoen het, lyk jy soos `n mens wat in sy droom geploeg en gesaai het en daarna in wakende toestand wou oes, maar geen akker en geen vrug gevind het nie.

[6] Die kennis, geloof en handeling van die menseverstand is `n ydele droom en besit geen waarde vir die lewe nie. Die mens moet alles in sy hart opneem; daarin bevind die lewe hom. Wat hy in sy hart saai, sal opgroei en die beloofde vrugte dra.

[7] Wie nie weet om sy lewe só te reël of te reguleer nie, en ook in geloof en denke selfsugtig is, sal nooit die vervulling van die beloftes sien nie, want hierdie is die vrug van die dade van die hart!'

[8] As julle diegene wat julle van die belofte sal vra hoekom die vervulling nie gekom het soos belowe nie, en hom so sal antwoord, sal hy julle wel met rus laat en homself gaan inspan om in sy hart waaragtig tot dade te kom.

[9] As hy sover gekom het, sal dit vir homself wel sigbaar word dat die belofte van die leer van Elohim nie ydel en inhoudloos is nie. Gaan hy egter aan om alleen maar sy verstand te raadpleeg en daarvolgens te handel, dan sal hy dit aan homself te danke hê as hy gedurende sy hele aardse lewe geen vervulling van die gedane beloftes sal bereik nie - en ook in die hiernamaals heelwat moeiliker! - Sê eers of julle dit alles werklik vanuit die lewensgrond verstaan!"

[10] **Philopold** sê dan uiteindelik ook weer: "O, hemelse vriend! Wie sal dit nou nie kan verstaan nie! Wie soos jy, alleen nog in sy hart leef, dink en voel, verstaan alle lewensaangeleenthede van die hart baie goed en duidelik. Wie egter slegs in sy harsings leef, dink en voel, vind die lewensaangeleenthede sonder meer tog al belaglik en sonder betekenis. - Hierdie saak is nou baie verstaanbaar en duidelik afgehandel en ek merk dit het in die ooste begin te skemer en die morester staan al behoorlik hoog. Daarom vind ek dat ons nou oor iets anders moet begin praat!"

### *Die vrye wil van `n engel*

**244** **Murel** sê: "Dit sou altyd heerlik, goed en mooi gewees, as jy maar iets daaroor geweet het! Wat sou jy daarvan dink as ons goeie, hemelse vriend ons iets kan vertel oor die morester? Want as ons leraars word van die lewende werk van Elohim, kan ons nooit teveel van alle moontlike dinge weet nie! Want ons sal te doen kry met allerlei soorte mense, wat alles vir ons sal vra. As ons nie in staat sal wees om voldoende duidelikheid aan hulle te gee nie, sal hulle by ons weggaan en ons bespot en verag, maar as ons hulle alles voldoende sal kan uitlê, sal hulle daarna ook na ander dinge luister en ons evangelie aanneem! Philopold, wat sal jy iemand antwoord wat jou sou gevra het wat die morester nou presies was?"

[2] **Phlopold** sê: "Vriend! Dan sou ek hom daarop wys dat hy dit self en deur eie waarneming te wete kan kom, as hy sy lewe sal inrig volgens die hemelse verlossingsleer. Doen hy dit egter nie, dan

help al my uitleg hom ook nie, omdat hy homself nie van dit alles sou kon oortuig nie. Niemand is trouens met die blinde geloof gediend nie. Vandag glo hy dit, maar more kom hy iemand teë wat hom meer oortuig en dan glo hy dat, slegs op sy woord, natuurlik met weinig nut vir sy lewe, soos toe hy die dag tevore vir óns geglo het.

[3] Die mens moet daarom so ver gebring word dat hy die wese van die naby dinge en ook van die ver dinge in homself kan sien, homself daarvan bewus maak en dit dan in die lewende lig van so `n innerlike bewussyn bekyk. As hy dit so ver gebring het, wat werklik nie onmoontlik is nie, het hy geen onderrig van ons meer daaroor nodig nie!

[4] Na my mening doen ons genoeg as ons die mens die enigste ware en duidelike lewensweg laat sien. Al die ander sal dan wel vanself kom, soos ook ons hemelse vriend dit so mooi aangetoon het dat `n mens in `n sekere sin slegs die regte vrug in `n akker hoef te lê, waarop dit dan uit homself voortbring en tot wasdom kom. Maar vir onsself en vir óns bemoediging kan die hemelse bode ons net so goed die oë open vir die sien van die morester, soos wat hy destyds deur die gal van `n vis die ou Tobias se oë geopen het, want hy blyk my dieselfde Rafael te wees wat eers die jong Tobias begelei het*!" *(*sien Boek van Herinnering)*

[5] **Mathael** sê: "Jy sou op die beste gelyk kan hê! Die name is dieselfde en die wysheid ewe-eens, en in die geval is ons hemelse vriend `n egte oogarts en kan hy ons die morester beter van naderby belig as hy wil en mag! Want by hom hang alles baie sterk af van die wil van die Meester. Self het hy geen eie wil soos wat ons volkome ons eie en vrye wil het nie."

[6] **Rafael** merk toe op: "Jy het baie mooi gepraat, maar uit die aard van die saak is my wil ook nie so gebonde soos wat jy dink nie! Ek is ook `n houer en nie net `n suiwer uitstraling van die goddelike wil nie. Ek voel baie goed wat ek wil en daarna wat die Meester wil.

[7] Ek neem die wil van die Meester egter makliker, duideliker en vinniger waar as julle mense, en dan maak ek my wil met die snelheid van `n gedagte heeltemal ondergeskik aan die wil van die Meester, en daardeur kan ek dan ewegoed gesien word as `n suiwer uitstraling van die goddelike wil. Ondanks dit, het ek tog heeltemal `n vrye wil en ek sou net soos `n mens téén die wil van die Meester kon handel. Dit is egter tog nie moontlik nie, omdat ek die Wysheid in so `n groot mate besit dat ek self lig is uit die goddelike oerlig, te veel die ewige, onveranderlike regverdigheid van die goddelike wil soos die allerhoogste lewensgoed van alle mense, engele en wêrelde erken, en daarom uit eie oortuiging slegs die duidelik herkende, goddelike wil tot uitvoering sal bring, en dan myne altyd volkome ondergeskik sal maak aan die goddelike Wil van die Meester.

[8] As julle dus wil dat ek vir julle die morester moet onthul, wat die heidene 'Venus' noem, kan ek dit volgens my eie wil wel doen, as die wil van die Meester nie daarteen is nie. Sou dit egter die geval wees, dan sal ek julle verseker geen uitleg gee nie. Wat ek vir julle sê, is dus afkomstig vanuit my kennis en wysheid, wat egter natuurlik niks anders kan doen as die goddelike nie, omdat die goddelike wil altyd maar net deur my gloei, wat my laat handel en praat. As julle dus die morester na aard en werklikheid wou ken, sal ek julle wel die plesier aandoen en haar deur julle laat sien." – Al drie sê: "Doen dit, lieflike, hemelse vriend!"